as tweede prys vir die skooltuinkompetisie geskenk het. Hierdie beker vervang nou die klein bekertjie wat altoos as tweede prys diens gedoen het en wat vanweë die formaat daarvan, die Genootskap nie tot eer gestrek het nie.

*GEDENKPLATE*: Die projek waarvolgens die Genootskap gedenkplate aan histories belangrike geboue gaan aanbring, het 'n groot stoot vorentoe gekry deurdat die Pretoriase Stadsraad R100.00 vir dié doel beskikbaar gestel het. Heelwat voorlopige werk is reeds ten opsigte van die gedenkplate verrig soos byvoorbeeld die verkryging van kwotasies van firma's aan wie die aanbring van die gedenkplate toevertrou kan word Dit word voorsien dat die eerste gedenkplate teen die helfte van volgende jaar aan gebring sal wees.

*ALGEMENE LEDEVERGADERING*: Ten einde die lede van die Genootskap meer dikwels bymekaar te bring, is op 23 Augustus 1963 'n Algemene Ledevergadering in 'n saal by die Tegniese Kollege gehou. Die hoof-item daardie aand was 'n praatjie deur dr. Jan Ploeger oor Over-Vaal, die Administrateurswoning. U sal u herinner dat dr. Ploeger 'n paar jaar gelede juis op aanbeveling van die Genootskap deur die Provinsiale Administrasie versoek is om 'n geskiedenis van Over-Vaal saam te stel. Die geskiedenis is onlangs onder die titel „Over-Vaal—Geskiedenis van 'n Ampswoning", gepubliseer. Gevolglik kon dr. Ploeger heelwat interessante gegewens oor die Administrateurswoning en sy mense aan die vergadering meedeel. Dit spyt ons egter om te meld dat slegs 'n klein aantal lede hul weg oopgesien het om dié leersame vergadering by te woon.


*DIE PUBLISITEITSVERENIGING VAN PRETORIA*: Dit spyt my om u mee te deel dat met die toetrede van 'n paar nuwe liggame tot hierdie Vereniging daar by 'n nuwe kiesing van sy Bestuur die Genootskap van sy verteenwoordiging op die Bestuur onthef is. Dit laat die Genootskap byna magteloos om die werk van die Publisiteitsvereniging te bevorder of te beïnvloed. Ons kan dus min doen om die pynlike mislukking van vanjaar se Jakarandafees te verhoed.

*SKENKINGS AAN DIE GENOOTSKAP*: Een van die funksies van die Genootskap was nog steeds om dokumente en voorwerpe van historiese belang op te spoor en om dan self daaroor te beskik, soos in die geval van die Bras Pereira-huis, of om die voorwerp aan een of ander plaaslike inrigting vir veilige bewaring te oorhandig. In die afgelope jaar het deur bemoeiinge van die Bestuur en andersins die volgende skenkings ter hand gekom:

(*a*) Sowat 160 foto's, meesal van Ou Pretoria, geskenk deur mnr. en mev. A. W. Bartie. Die meeste van hierdie foto's is deur 'n mnr. Bert Giovanetti geneem. Die album is voorts aangevul deur materiaal wat deur mnr. en mev. P. D. Bussi, mev. Rickett en 'n mnr. Christian geskenk is. Laasgenoemde persone is familielede en/of vriende van die Bartie-gesin.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



**DIE BESTUUR VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA VIR 1963.**

*Staande (van links na regs): Mnr. T. E. Andrews, dr. N. A. Coetzee, mnre. A. M. Davey, E. J. Wepener en H. M. Rex.*

*Sittende (van links na regs): Drr. W. H. J. Punt, T. S. van Rooyen, G. W. Eybers, mnr. J. H. Mienie en dr. J. J. N. Cloete.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Benewens die foto's het mnr. en mev. Bartie ook 'n boek getitel, „Outbreak-Witwatersrand, 1922", geskryf deur Kaptein William Urquhart, geskenk.

(*b*) Mnr. W. R. Nel, skenker van die beker vir die skooltuin-kompetisie, het 'n grootboek (1889-1893) asook 'n joernaal (1893) van een van die banke vir veilige bewaring aan die Genootskap geskenk.

(*c*) Mev. L. R. Barnes het die volgende stukke oorhandig: (i) „The City of Pretoria", offisiële handboek uitgegee deur die Pretoriase Stadsraad, 1913; (ii) „Sunrise over Pretoria", 'n program van 'n voorstelling tydens die Pretoriase Eeufees; (iii) 'n album met foto's van die sentrale gedeelte van Pretoria, die foto's waarvan deur J. C. Munro van Markstraat, geneem is; (iv) Sowat 55 los historiese foto's van toenele in Suid-Afrika en oorsee.

Hierdie bogenoemde skenkings word aan die Staatsbiblioteek en die Staatsargief vir veilige bewaring en vir raadpleging deur die publiek oorhandig.

*LEDELYS*: Die Genootskap beskik tans oor ongeveer 220 gewone en lewenslange lede. Tot my spyt moet ek meedeel dat daar ongeveer 35 lede is wat nóg in 1962 nóg in 1963 hul ledegeld vereffen het. Die Bestuur wag op hulle.

*BESTUUR*: Die volgende persone het gedurende die afgelope jaar op die Bestuur van die Genootskap gedien:

| | |
|---|---|
| *Voorsitter*: | Dr. G. W. Eybers. |
| *Ondervoorsitter*: | Dr. T. S. van Rooyen. |
| *Penningmeester*: | Mnr. G. Rissik. |
| *Sekretaris*: | Mnr. J. H. Mienie. |
| *Assistent-sekretaris*: | Mnr. T. E. Andrews. |
| *Redakteur*: | Mnr. H. M. Rex. |
| *Argivaris*: | Dr. N. A. Coetzee. |
| *Bykomende Lede*: | Drr. J. J. N. Cloete, W. H. J. Punt, Mnre. A. M. Davey, F. J. Wepener. |

Die Voorsitter het die Genootskap op die Publisiteitsvereniging verteenwoordig.

*BEDANKINGS*: Ten slotte wil ek graag my waardering uitspreek aan u almal wat meegewerk het om die doelstellings van die Genootskap te verwesenlik. In die besonder wil ek in dié verband melding maak van die onbaatsugtige ywer wat die Bestuur in die uitvoering van hul taak getoon het.

Ons verwag, soos in die verlede, veel steun van die Stadsraad. Die lede van ons Wetgewing, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Publisiteitsvereniging van Pretoria kan hulle nie maklik vir 'n belangriker kultuuroogmerk beywer nie dan vir die daarstelling van 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum te Pretoria nie. Dit sal natuurlik kom. Laat ons nie met slap hande wag op ander om dit vir ons te verkry nie. Ons is tog nie aan die slaap nie!

Desember 1963. G. W. EYBERS, *Voorsitter*.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# OLD PRETORIA SOCIETY

## *Annual Report*

IT is my pleasure to lay the Annual Report of the Society before you.

*THE S.A. OPEN AIR MUSEUM AT PRETORIA*: The establishment of an open air museum for which your society has laboured these past years, took further steps towards realisation. His Honour, the Deputy Minister of Education Arts and Science reported in Parliament that the Cabinet had agreed in principle to the establishment of such a museum near the Voortrekker Monument. No funds were available for this project during the current financial year, the Minister however said that the establishment of the Open Air Museum would be given consideration when planning the 1964/65 budget. The Committee recognised this statement as a big step forward; and has agreed to waive its previous request that the museum be erected in the Fountains Valley. The exact location of the new site has not been determined as yet owing to the plans for the new Pretoria - Johannesburg Highway. The Members of Parliament for Pretoria were again approached to support our appeal that funds be put aside for the project — but to no avail.

*SCHOOL GARDEN COMPETITION*: It will be remembered that the 1962 competition took place in December 1962, and could not be included in last year's report. The results were: (1) Tuine, (2) Rachel De Beer and (3) Danie Malan. The presentation of the Society's Shield and prizes was made at a function arranged by the winner of the competition

The 1963 competition just ended was won by Pretoria-Oos primary School, (2) Rachel De Beer and (3) Die Poort; it is the first time that Pretoria-Oos and Die Poort have claimed the honours but the Rachel De Beer School has been amongst the winners on many occasions. The judges this year were Mr. A. D. Morrison, School Inspector of the Transvaal Education Department, Mr. Roelf Botha and Mr. F. J. Wepener. A new system of awarding points was put into practice this year that allowed schools with limited grounds to compete on fair terms with schools that had larger grounds.

Special mention must be made of the donation of a beautiful silver cup by Mr. Willie R. Nel, Chairman of the Pretoria Tuine-laerskool School Committee, to replace the rather insignificant and unimpressive 2nd Prize award of previous years.

*PLAQUES*: The Society's aim of erecting plaques on buildings of historical importance also took a step forward this year. We are pleased to report



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

that the City Council donated R100.00 towards this project and have promised to make the same amount available annually. Much preparatory work has been done and quotations for the manufacture of plaques have been called for and we hope to see the first plaque erected within the next six months.

*SPECIAL GENERAL MEETING*: With a view to bringing members together more often, a meeting was arranged in the Technical College on the 23rd August, 1963; attended, we regret to say, by only a few members. The main item on the agenda was a lecture by Dr. Jan Ploeger, on Over-Vaal, the Administrator's Residence. You will remember that a few years ago, your Society recommended to the Provincial Administration, that Dr. Ploeger should undertake to write the history which has lately been published under the title "Over-Vaal — The History of an Official Residence". Dr. Ploeger brought out interesting information regarding the building and its residents.

*PRETORIA PUBLICITY ASSOCIATION*: It is with regret that I have to inform you that the Society is no longer representated on the Executive Committee of the Pretoria Publicity Association; our nomination was lost at a recent meeting when members of new organisations were elected; the Society is therefore left without a voice in the affairs of the Publicity Association and could therefore do little to avert the painful failure of this year's Jacaranda Festival.

*DONATIONS*: Besides trying to preserve old buildings of interest such as the Bras-Pereira House, your Society collects historical documents relating to Old Pretoria which it hands over to the appropriate authorities for safe-keeping. During the past year the Society was honoured to receive the following donations:—

(*a*) An Album of approximately 160 photographs of early Pretoria, donated by Mr. and Mrs. A. W. Bartie. The majority of the photos were taken by Mr. Bert Giovanetti; the album was completed with other material donated by Mr. and Mrs. P. D. Bussi, Mrs. Rickett, and a Mr. Christian, members and friends of the Bartie Family. Mr. and Mrs. Bartie also donated a book "Outbreak — Witwatersrand, 1922" by Captain William Urquhart.

(*b*) Mr. W. R. Nel, who donated the cup for the garden competition, also handed over a bank journal (1893) and cash book (1889-1893) for safe-keeping.

(*c*) Mrs. L. R. Barnes donated the following material (i) "The City of Pretoria", official handbook issued by the City Council, 1913. (ii) "Sunrise over Pretoria" a program of events during Pretoria's centenary; (iii) an album of photographs of Central Pretoria taken by J. C. Munro of Market Street, Pretoria and (iv) a batch of 55 photographs of events in South Africa and overseas.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

These bequests were entrusted to the State Library or the Government Archives for safekeeping and will be accessible to anyone interested in them.

*MEMBERSHIP*: The Society's membership stands at 220 ordinary members and life members. There are about 35 members whose subscriptions are still outstanding for the years 1962 and 1963. The Society calls on them to make good their arrear payments.

*COMMITTEE*: The following persons served on the Executive Committee of your Society during the year:—

| | |
|---|---|
| *Chairman*: | Dr. G. W. Eybers. |
| *Vice-Chairman*: | Dr. T. S. van Rooyen. |
| *Treasurer*: | Mr. G. Rissik. |
| *Secretary*: | Mr. J. H. Mienie. |
| *Ass. Secretary*: | Mr. T. E. Andrews. |
| *Editor*: | Mr. H. M. Rex. |
| *Archivist*: | Dr. N. A. Coetzee. |
| *Other Members*: | Dr. J. J. N. Cloete, Mr. A. M. Davey, Dr. W. H. J. Punt and Mr. F. J. Wepener. |

The Chairman represented the Society on the Publicity Association.

*ACKNOWLEDGEMENTS*: Finally I express my thanks to all who furthered the Society's aims; in particular the Executive Committee for their selfless devotion to the Society's interests.

As in past years, we count on the support of the City Council.

Those who hold important positions in our legislative, in the Department of Education, Arts and Science and in the Publicity Association of Pretoria could have few worthier cultural targets than the achievement of a South African Open Air Museum. We know that the museum will eventuate but we should not sit by with folded arms and leave the work to others!

G. W. EYBERS, *Chairman*.

December, 1963.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# *Inhoud / Contents*

ADV. D. G. VAN DER BYL: *A short history of Irene.*

MNR. P. J. PISTORIUS: *R. E. Schormann.*

"THE PRETORIA NEWS": *Irene Read retiring after* 36½ *years as principal.*

DR. T. S. VAN ROOYEN: *Dieper waardes uit ons verlede; faktore wat die geskiedenis bepaal.*

MNR. H. M. REX: *Herinneringe oor Eugene Marais in sy Bronkhorstspruitse tydperk* (1922-1923).

MR. T. E. ANDREWS: *Thank you.*

DIE REDAKTEUR: *Amptelike onthulling van gedenkplaat by die Staatsmodelskool.*

*Program van die onthullingsplegtigheid op* 20 *Mei* 1963.

MNR. W. H. ROOD: *Herinneringe aan die eertydse Staatsmodelskool.*

DR. JAN PLOEGER: *Die „War Song" van Albert Brodrick.*

HENRY SKINNER: *Skinner Court.*

DR. G. W. EYBERS: *Jaarverslag / Annual Report.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Genootskap Oud-Pretoria**
(Gestig: 22 Maart 1948)

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

**Association Old Pretoria**
(Founded: 22 March, 1948)

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

*Ere-President* — DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA — *Honorary President*
THE MAYOR OF PRETORIA.
*Voorsitter* — DR. G. W. EYBERS — *Chairman.*
*Ondervoorsitter* — Dr. T. S. VAN ROOYEN — *Vice-Chairman.*
*Penningmeester* — Mnr. /Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*
*Sekretaris* — Mnr./Mr. J. H. MINNIE — Secretary.
*Hulpsekretaris en Sakebestuurder/Assistant Secretary and Business Manager*
Mnr./Mr. T. E. ANDREWS.
*Redakteur* — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor.*
*Argivaris* — Dr. N. A. COETZEE — *Archivist.*
*Bykomende Lede* — Dr. J. J. N. CLOETE — *Other Members.*
Dr. W. H. J. PUNT,
Prof. Dr. F. J. DU T. SPIES,
Mnr./Mr. F. J. WEPENER.
*Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:*
Prof. Dr. P. J. VAN DER WALT.
*Burgemeester/Mayor.*

*Bydraes moet asb. gestuur word aan*: Die Redakteur „Pretoriana", Koningin Wilhelminalaan 15, Muckleneuk, Pretoria.

*Contributions to be sent to*: The Editor "Pretoriana", 15 Queen Wilhelmina Avenue, Muckleneuk, Pretoria.

GEDRUK DEUR VICTORIA DRUKKERY, SWEMMERSTRAAT 504, GEZINA, PRETORIA.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services